

Dinsdag 28 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 51

Fokusgedeelte: Psalm 51:10, 14

Die vrug van die Gees – Vreugde

Wanneer jy onder beheer van die Heilige Gees lewe, sal vreugde 'n al hoe groter rol in jou lewe begin speel.

Wanneer mens die stelling omkeer en in jou en rondom jou soek na die vreugde in die lewe, word ons gekonfronteer met die vraag in watter mate ons onder beheer van die Heilige Gees lewe. Natuurlik praat ons nie van aange-plakte, opgemaakte, uitgedrukte vreugde nie. Natuurlik gaan dit hier oor iets baie dieper as vreugde wat deur eksterne middele opgewek word.

Hierdie vreugde is vreugde wat God self deur sy Gees in mense werk. Die vreugde is dus nie te vind in “iets” nie, maar in “Iemand.” Dit is te kry in 'n lewende verhouding met God. Juis daarom bevind Dawid hom ná sy sonde in 'n posisie waar hy sonder vreugde is. Dawid het genoeg geld, mag en status gehad en tog is hy vreugdeloos. Sy verhouding met God is deur sy sonde aangetas. Hy soek die herstel van sy vreugde deur na die Here toe te vlug (vs 3-4), sy sonde voor die Here te bely (vs 5-7) en te bid om vergifnis (5-7). Hy bid ook dat die Here nie sy Gees van hom sal wegneem nie (vs 13). Dit is die Gees wat die vrug van vreugde in mense werk.

Ware vreugde is alleen te vind in 'n lewende verhouding met God deur die genade van Jesus Christus. Paulus beklemtoon dit in sy blydskapsbrief aan die gemeente in Filippi wanneer hy hulle oproep om hulle IN DIE Here te verbly.

Moenie die vrug van vreugde op 'n ander plek gaan soek as by die Here nie.
Sing: Psalm 100:1, 4 (1936)

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)